higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N130**(A)**(J13)H

# NASIONALE SERTIFIKAAT

# KLEDINGKONSTRUKSIE N5

(10010505)

**13 Junie 2018 (X-Vraestel)**
**09:00–12:00**

**Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

# DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
# REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
KLEDINGKONSTRUKSIE N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Lees AL die vrae aandagtig deur.

2. Beantwoord AL die vrae in die ANTWOORDBOEK.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | KORT VRAE | 50 punte |
| AFDELING B: | LANG VRAE (3 × 50) | 150 punte |
| GROOTTOTAAL: | | 200 punte |

5. Begin elke vraag op ‘n NUWE bladsy.

6. Skryf netjies en leesbaar.

---

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A

## VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 'n Torringmessie ('seam ripper') is die ideale keuse om ...

A deur skerp hoeke te druk.
B veterogies ('eyelets') te maak.
C omgeboorde knoopsgate in te sny ('slash').
D some los te torring.

1.1.2 … is ideaal vir konstruksiemerke en pasverstellings.

A Maatbande
B Natrekwieletjies
C Snyerskryt
D 'n Tandskêr

1.1.3 'n … is 'n stewig opgestopte silindriese kussing, wat primêr gebruik word vir lang geronde some en some in baie smal dele.

A Parsmoffie ('Press mitt')
B Mouplank
C Kleremakersoom
D Naatrol

1.1.4 'n … rand is wanneer die soomtoelating uitgeskakel word, en die rou rande deur bandbelegsel of omboorsel omsluit word.

A Belegde ('faced')
B Ingeslote ('enclosed')
C Opgeslane ('turned-up')
D Omgekapte ('overlocked')

1.1.5 Hierdie soort sak hang los aan die binnekant van die kledingstuk, met slegs die styllyn van die sakopening wat aan die buitekant van die kledingstuk sigbaar is.

A Spleetsak
B Opgestikte sak ('Patch pocket')
C Flapsak
D Binnesak

Kopiereg voorbehou 

1.1.6 'n Belegsel wat uitgesny word volgens 'n patroon met dieselfde vorm en op dieselfde draad ('grain') as die rand wat dit afwerk:

A Kombinasiebelegsel
B Aangesnyde belegsel
C Skuinsbelegsel ('Bias')
D Gefatsoeneerde belegsel

1.1.7 Riffeltooisel ('Rib trim') is 'n strook … wat gebruik word om die neklyn van 'n sweetpak af te werk.

A belegsel ('facing')
B tussenvoering
C rekkerige gebreide band
D soom

1.1.8 'n Getailleerde kledingstuk word gepars …

A nadat dit voltooi is.
B nadat elke konstruksieproses voltooi is.
C slegs nadat die some voltooi is.
D voordat die soom gestik word.

1.1.9 'n Reguit stiksel, meestal op 'n enkele laag materiaal, net binne die geronde of hoekige soom om te verhoed dat die some rek en vorm verloor:

A Houstiksel ('Stay stitching')
B Bostiksel
C Onderstiksel
D Agtersteekwerk ('Back stitching')

1.1.10 'n Kledingstuk met 'n Amerikaanse skouerstuk ('yoke') het …

A 'n soom op die skouer.
B 'n soom by middelvoor.
C geen soom by die skouer nie.
D 'n soom by die skouer agter.

(10 × 2) (20)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 'n Garingdeursteker vergemaklik die deurryging van hand- of masjiennaalde.

1.2.2 'n Torringmessie het 'n skerp, geronde kant vir die oopsny van some.

1.2.3 'n Rolnaat ('French seam') kan gebruik word wanneer 'n ritssluiter ingesit word.

1.2.4 'n Omgeboorde knoopsgat is die geskikste sluiter vir die band op 'n mansbroek.

1.2.5 'n Amerikaanse skouerstuk maak deel uit van die voorkant en die agterkant.

1.2.6 Bolpuntnaalde het geronde punte.

1.2.7 Die gulp op 'n mansbroek sluit regs oor links.

1.2.8 Leer en suède kan met 'n parslap of bruinpapier aan die verkeerde kant gepars word.

1.2.9 Leer moet met 'n baie skerp skêr in lang, eweredige hale gesny word.

1.2.10 Spelde moet heeltemal vermy word word wanneer leerbaadjies gestik word.

(10 × 1) (10)

1.3 Kies 'n item uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–K) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.3.1 | Onderkraag | A | tussenbelegselstof |
| 1.3.2 | Twee naalde op een skag | B | draadrigting van skering |
| 1.3.3 | Soort kraag met 'n staandeel en 'n omslag ('stand and fall') | C | sjaalkraag |
| 1.3.4 | 'n Kraag met 'n middelagternaat | D | hempskraag |
| 1.3.5 | 'n Soort steek | E | opstopsel |
| 1.3.6 | Velcro | F | balkhegsel ('bar tack') |
| 1.3.7 | Ingesitte mou | G | dubbelnaald |
| 1.3.8 | 'n Mou met 'n pylnaat op die skouer | H | tussenvoering |
| 1.3.9 | Vilene | I | raglanmou |
| 1.3.10 | Beskerm die materiaal sodat dit nie deursigtig is nie | J | tweestukmou |
| | | K | sluiter ('fastening') |

(10 × 1) (10)

Copyright reserved 

1.4 Gee EEN woord of 'n term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die woord of term langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.4.1 'n Stewig gestopte silindriese kussing, wat primêr gebruik word vir die pars van lang, geronde some in baie smal dele

1.4.2 Spons in 'n spesifieke vorm, afhangend van die styl van die kledingstuk, wat bo-op die skouer rus

1.4.3 'n Strook wat gebruik word om die rou rand van die kledingstuk af te werk

1.4.4 'n Belegsel wat uitgesny word volgens 'n patroon met dieselfde vorm en op dieselfde draad ('grain') as die rand wat dit afwerk

1.4.5 Die soort sak hang los aan die binnekant van die kledingstuk; die enigste sakopening is sigbaar aan die buitekant van die kledingstuk

1.4.6 'n Toepaslike sluiter vir 'n mansbroek

1.4.7 Die toepaslikste sluiters om met knoopsgate te gebruik

1.4.8 Die toepaslikste sluiter op die middellyfband van 'n mansbroek

1.4.9 'n Materiaalbuis ('fabric tunnel') wat gemaak word om rek of 'n intrekkoord ('drawstring') te omsluit

1.4.10 'n Opening in 'n romp middelagter


(10 × 1) (10)
**[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B

## VRAAAG 2

2.1 Identifiseer die genommerde dele op die sketse van gebreide kledingstukke hier onder. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.6) in die ANTWOORDBOEK neer.




(6 × 1) (6)

2.2 2.2.1 Noem die TWEE mou-afwerkings wat op die kledingstukke in die sketse gebruik is. (2)

2.2.2 Watter TWEE ander sluitings kan op hierdie kledingstukke gebruik word? (2)

2.3 Bespreek die VIER kenmerke van breistowwe. (4 × 2) (8)

2.4 Bespreek die DRIE basiese soorte masjiennaalde. (3 × 2) (6)

2.5 Bespreek die term *houstiksel* (‘stay stitch’). (3)

2.6 Gee VIER masjiensteke wat geskik is vir breistowwe. (4)

2.7 Bespreek die algemeenste gebruike van riffelstukke (‘ribbing’). (3)

2.8 Gee TWEE voorsorgmaatreëls wat gebruik word om te verhoed dat some in breistowwe verrek (‘overstretch’). (2 × 2) (4)

2.9 Watter soort ritssluiter is op die baadjie gebruik? (2)

2.10 Gee TWEE voorbeelde van middellyfafwerkings (‘waist finishes’). (2)

2.11 Onderskei tussen inslagbreistof (‘weft knit’) en skeringbreistof (‘warp knit’). (4)


2.12 Gee TWEE gehaltestandaarde vir belegsels (‘facings’). (2 × 2) (4)

**[50]**

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 3

3.1 Bestudeer die volgende skets van 'n mansbroek en beantwoord die vrae.



3.1.1 Identifiseer die soort opening op die broek. (1)

3.1.2 Bespreek die tradisionele oorslagrigting ('overlap direction') vir manskleding en dameskleding. (4)

3.1.3 Identifiseer die soort steek aan die onderkant van die opening. (1)

3.1.4 Wat is die doel van die steek wat in VRAAG 3.1.3 genoem is? (2)

3.1.5 Identifiseer die finale stiksel wat sigbaar is aan die linkerkant van die opening. (1)

3.1.6 Wat is die doel van die stiksel wat in VRAAG 3.1.5 genoem is? (2)

3.2 Gee TWEE gehaltestandaarde vir steke. (2 × 2) (4)

3.3 3.3.1 Noem die wegruiming van volligheid op die broek. (1)

3.3.2 Noem die TWEE soorte sakke op die broek. (2)

3.3.3 Noem die middellyfafwerking ('waist finish') van die broek. (1)

Kopiereg voorbehou 

3.4 Bestudeer die volgende skets van ‘n getailleerde mansbaadjie en beskryf die konstruksietegnieke vir die voering.



(12)

3.5 Wat is die verskil tussen ondervoering en tussenvoering? (4)

3.6 Noem VYF soorte parstoerusting wat nodig is vir effektiewe snyerswerk (‘tailoring’). (5)

3.7 Wat is die doel van pars in snyerswerk? (2)

3.8 Gee TWEE faktore om in ag te neem wanneer die regte soort voering vir kledingstukke gekies word. (2 × 2) (4)

3.9 Bestudeer die volgende skets van formele mansdrag en beantwoord die vrae.



3.9.1 Identifiseer die soort sak op die onderbaadjie.

3.9.2 Noem die sluiting wat op die onderbaadjie gebruik is.

3.9.3 Identifiseer die soort mou op die hemp.

3.9.4 Noem die soort mou-afwerking wat op die hemp gebruik is.

(4 × 1) (4)

**[50]**

## VRAAG 4

4.1 Noem DRIE soorte ritssluiters. (3)

4.2 Beskryf elke ritssluiter wat in VRAAG 4.1 genoem is en gee EEN gebruik van elkeen. (3 × 2) (6)

4.3 Beskryf die posisionering van knoopsgate in vrouekledingstukke. (4)

4.4 Hoe word die lengte van ‘n knoopsgat bepaal? (2)

4.5 Noem VIER soort mou-afwerkings. (4)

4.6 Noem DRIE soorte krae. (3)

4.7 Gee EEN voorbeeld van elk van die krae wat in VRAAG 4.6 genoem is. (3)

Kopiereg voorbehou 

4.8 Definieer die volgende terme:

4.8.1 Binnenaat (‘Inseam’)

4.8.2 Buitenaat (‘Outseam’)


4.8.3 Sakvoering (‘Pocketing’)

4.8.4 Steunstrook (‘Stay’)

4.8.5 Balkhegsel (‘Bar tack’)

(5 × 2) (10)

4.9 Bestudeer die volgende sketse en identifiseer die genommerde dele. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (4.9.1–4.9.10) in die ANTWOORDBOEK neer.




(10 × 1) (10)

4.10 Gee VYF maniere waarop die wegruiming van volligheid gedoen kan word. (5)
**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 150**
**GROOTTOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou